

DIE GRAND-TEATER

—die Vrystaat se grootste slopingskandaal—

D.A. van der Bank

Twee gebeurtenisse, byna 'n halfeeu uitmekaar, omvat die bestaan van die Grand-teater in Hangerstraat. Die eerste, formeel en swierig, was die openingsaand van Bloemfontein se eerste volwaardige teater in 1906. Dit is bygewoon deur meer as 900 gaste. Die tweede het in 1953 plaasgevind toe omtrent 100 toneëlliefhebbers en spelers van FATSA (Federasie van Amateurtoneelverenigings van Suidelike Afrika) afskeid geneem het van die ou "Grand".

Dit is ironies dat hierdie pragtige ou teater slegs 50 jaar bestaan het. Waar die Grand-teater en die aangrensende Grand-hotel op die hoek van Charles- en Hangerstraat gestaan het, is vandag net 'n kaal stuk grond wat as parkeerruimte gebruik word.

Die drieverdiepinggebou met sy lang fasade en drie koepels is deur die Belgiese argitek, E.C. Choinier, van Johannesburg ontwerp en is bestempel as een van die bes toegeruste en modernste teaters in Suid-Afrika. Oor die styleienskappe van die gebou bestaan daar uiteenlopende uitsprake wat wissel van moderne Franse Renaissance, of "a free treatment of French renaissance" tot *art nouveau*. Ten spyte van Désirée Picton-Seymour se onvleiende kommentaar, "altogether an awkward-looking building, the interior was no more pleasing than the exterior," moes sy tog toegee dat "any theatre of that era had a certain turn-of-century charm". Die gebou het inderdaad sjarme en grasia besit wat sprekend is van die wellewendheid van die Eduardiane era.



Die skuifdak en plafon met pilare wat afloop na die boonste galery, net sigbaar in die hoeke. Voorstellings van skrywers en dramaturge, afgewissel met blommotiewe het die plafon versier. (Foto: The Friend)



Hierdie muurskildery reg bokant die verhoog is 'n sprekende voorbeeld van die aandag wat aan die detail en afwerking van die teater bestee is. (Foto: The Friend)

Ingange vanaf die teater na die aangrensende Grand-hotel het toegang verleen tot sitkamers en kroë, terwyl verversings bedien is op die balkon wat die hele fasade van die twee geboue beslaan het. Die teater het sitplek aan meer as 900 toeskouers gebied en is verdeel in 'n onderverdieping, agt loges en 'n eerste en 'n tweede galery. Aangesien die teater op die krom- of stutbalkbeginsel ("cantilever principle") gebou is, was daar geen pilare in die saal nie. Nog 'n kenmerk van die gebou was die groot verhoog en die koepelvormige skuifdak, 4,5 meter in deursnee.

'n Tender ten bedrae van £30,000 (± R60,000) vir die oprigting van die gebou is aan die Johannesburgse firma Corlett en Geddes toegesê, alhoewel dit wil voorkom asof die uiteindelijke koste £60,000 (± R120,000) beloop het. Coulter en Hankinson was verantwoordelik vir die binnenshuise versierings.

Op Maandagaand 19 Februarie 1906 is die teater feestelik geopen met 'n uitvoering van "The Mikado". By dié geleentheid is 'n foto van die volgepakte saal geneem met sy deftiggeklede teatergangers.

Gedurende die openingsweek is daar elke aand 'n vertoning aangebied bestaande uit Gilbert en Sullivan-operas, opgevoer deur die D'Oyly Carte geselskap van Londen, terwyl die orkes wat blykbaar uit plaaslike kunstenaars bestaan het, deur Francois Celliers gederigeer is. Tydens die Vrydagaanduitvoering van "Iolanthe" het die Luitenant-goewerneur van die Oranjerivierkolonie, sir Hamilton Goold-Adams, die teater amptelik geopen met 'n kort toespraak voor die aanvang van die uitvoering.

In die daaropvolgende jare het verskeie internasionaalbekende kunstenaars hier opgetree en veral die teater se uitstekende akoestiek hoog aangeprys. Ook plaaslike geselskappe het van die teater gebruik gemaak. So is "You never can tell", van George Bernard Shaw in 1907 opgevoer met 'n rolverdeling waarin bekende Bloemfonteinse name soos Baumann, Levisieur, Ehrlich en Streeten voorkom. Die Paul de Groot-toneelgeselskap, een van die eerste professionele toneelgeselskappe in Suid-Afrika, het onder andere hier opgetree. Selfs politieke vergaderings is in die Grand-teater gehou. Kort voor Uniewording is die stigting van die Unionisteparty deur dr. L.S. Jameson in dié teater aangekondig, en ook Abraham Fischer het hier vergaderings toegesprek.

Skaars sestien maande na die opening van die teater is die Grand Hotel and Theatre Co. gelikwieder en die eienaar, mnr. Jankielsohn, was genoodsaak om die teater teen omtrent een- vyfde van die oorspronklike boukoste te verkoop.

Sedert die laat twintigerjare het bioskope die toneel begin oorheers en ook die Grand-teater is hierdeur geraak. African Consolidated Theatres het die teater oorgeneem en alhoewel toneelopvoerings nog op sekere aande aangebied is, sou die trotse skouburg sy laaste dae slyt as 'n bioskoopsaal.

'n Poging in die laat veertigerjare deur die burgemeester van Bloemfontein, mnr. J.H. Pretorius en mev. Anna Enslin, L.P.R. om die teater vir toekomstige geslagte te behou het misluk. Samesprekings met die Schlesinger-

groep, eienaars van African Consolidated Theatres, om die teater aan die stadsraad af te staan, het op 'n dooie punt uitgeloop en in 1953 is dit aan S.A. Brouery verkoop wat die gebou eers in 1956 gesloop het om uitbreidings aan die Grand-hotel aan te bring. Van hierdie planne het terloops niks gekom nie en in 1972 is die hotel ook gesloop.

In teenstelling met die feesstemming wat die openingsaand gekenmerk het, het die laaste vertoning, met die gebruikelike "double feature", bestaande uit "The Nevadan" en "Beauty and the Bandit", byna ongesiens verbygegaan. 'n Klein afskeidseremonie is darem op 13 Julie 1953 in die teater gehou. By dié geleentheid het mnr. A.H. Britton, voorsitter van die Vrystaatse FATSA-komitee, 'n ruiker aan mev. R. van Breda Pritchard oorhandig wat die opening van die teater in 1906 bygewoon het.


Hoewel die ou Grand-teater en vele ander geboue van kultuurhistoriese waarde ongelukkig vir goed verlore is, dui die totstandkoming van liggame soos onder andere die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, die Stigting Simon van der Stel en die Erfeniskomitee van die Instituut vir Suid-Afrikaanse Argitekte op groter bewaringsbewustheid by openbare instansies en verenigings. Die publiek, en veral sakeondernemings, kan en moet egter ook hulle deel bydra, want sinvolle bewaring kan alleen bydra tot die kulturele verryking van die gemeenskap.



Bibliografie

- BINGE, L.W.B., *Ontwikkeling van die Afrikaanse Toneel*. Pretoria: Van Schaik, 1950.
 DIE VOLKSBLAD, 1953, 1981.
 PICTON-SEYMOUR, D., *Victorian buildings in South Africa including Edwardian and Transvaal Republic styles. 1850-1910*. Kaapstad: Balkema, 1977.
 SCHOEMAN, K., *Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad, 1846-1946*. Kaapstad: Human en Rousseau, 1980.
 THE BLOEMFONTEIN POST, 1904, 1906.
 THE CITY OF BLOEMFONTEIN: OFFICIAL GUIDE, 1950. Kaapstad: R Beerman, 1950.
 THE FRIEND, 1906, 1907, 1953, 1956.

Die Grand-teater en die Grand-hotel links wat ook gesloop is.



Mitgevat in hulle kisklere sit die teatergangers in spanning en wag dat die gordyn moet opgaan tydens die openingsaand.